



GEMEENSKAP NUUSBRIEF



PRETDAG BY WINDPLASE



Sowat 38 leerlinge van **HOÛRSKOOL LOERIESFONTEIN** het op 27 September die geleentheid gehad om as deel van 'n loopbaanbewusmakingsinisiatief die Loeriesfontein- en Khobab-windplase te besoek.

Die *'Each One, Teach One'*-inisiatief is daarop gemik om die leerlinge op 'n interaktiewe wyse van **windkrag te leer**. Leerlinge het tydens die besoek die geleentheid gehad om na voorleggings te luister, vrae aan verteenwoordigers van die windkragaanleg te vra en vraelyste gekry wat hulle gedurende die dagbesoek moes voltooi.



WENNERS VAN DIE **CLEAN ENERGY, BRIGHTER FUTURE-OPSTELKOMPETISIE**

Pryse is toegeken aan die wenners van die **CLEAN ENERGY, BRIGHTER FUTURE-BEWUSMAKINGSVELDTOG** se kreatiewe skryfkompetisie. *Die veldtog help om leerlinge tussen gr. 8 en gr.12 meer oor windenergie te leer* en sluit aan by wat hulle in natuurwetenskap en lewensoriëntering leer.

Die windkragaanlegte het onlangs ook lewenswetenskap-handboeke aan gr.10-leerlinge geskenk.





LOERIEVINKIE CRÈCHE **WORD OPGEKNAP**

Verbeteringe aan die **LOERIEVINKIE CRÈCHE** het gehelp om 'n verskil aan die lewens van 44 kinders te maak wat by die crèche versorg word.

Die konstruksievennoot van die Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte, Conco, het 'n splinternuwe stoof, yskas en mikrogolfoond vir die crèche se kombuis geskenk, ook fondse beskikbaar gestel om die heining te vervang en die buitense mure te verf.



Dit is belangrik dat leerlinge reeds vanaf die vroeë kinderontwikkelingsfase in 'n veilige omgewing geplaas word, ten einde hul ontwikkeling aan te help en te verseker dat 'n stewige fondasie gelê word.

Ons wou gehelp het om 'n veiliger omgewing te skep en hoop dat hierdie verbeteringe sal help om die kinders van die Loerievinkie Crèche gelukkig te maak en om hul magies vol te hou met heilsame maaltye wat nou maklik voorberei kan word.



VERBETERINGE AAN **LOERIESFONTEIN PRIMÈRE SKOOL**



Verskeie opknappings is by **LOERIESFONTEIN PRIMÈRE SKOOL** gedoen. Dit sluit die verf van die skool, nuwe meubels vir klasse, 'n yskas, mikrogolfoond en eetgery vir die kombuis, oprigting van 'n heining om die skoolperseel en opgradering van die skool se wetenskaplaboratorium in. Alles is deur Conco, die konstruksievennoot van die Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte befonds. *Dit is maar die tweede keer in 65 jaar wat die skool oorgeverf is!*

"Dankie met al die projekte by ons skool, jul waarde toevoeging tot ons as leerders se opvoeding; veilige leeromgewing laat ons gebode voel," Mnr. Klein, Loeriesfontein Laerskool.



VEILIGHEIDSWAG-STUDIEBEURSPROGRAM

Die Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte het in samewerking met die konstruksie maatskappye, **Conco en Murray & Roberts**, 'n drie dag lange opleidingskursus vir voornemende veiligheidswagte geborg. Die kursus is in September in Loeriesfontein gehou. Daar is 24 studiebeurse aangebied vir voornemende veiligheidswagte om hul kwalifikasies (Grade E tot C) te verdien.



KONTAK ONS

Algemene navrae : leo.quinn@mainstreamrp.com
kevin.foster@mainstreamrp.com
 Konstruksie navrae : paul.dutoit@mainstreamrp.com | 072 582 4508
pieter.devilliers@mainstreamrp.com | 083 842 2555
 Gemeenskapnavrae : erica.v.d.merwe@mainstreamrp.com
shannon.welsh@mainstreamrp.com